

Sondag 29 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 2; 1 Tessalonisense 4:13-18	Fokusgedeelte: Openbaring 2:10, 11
--	---

Ons het geen vrees vir die dood nie (4)

Kan u dink hoe dikwels 'n gelowige homself afgevra het: "Is alles in die lewe die moeite werd?" Dit bring ons by die saak waarom dit hier gaan: Is geloof in die Here Jesus Christus die moeite werd?

Dit is geen geheim dat Christenwees in hierdie lewe baie ellendes oor ons bewerk nie. Daar kom nie net dinge soos die dood waarom ons spanning en pyn het nie. Daar is ook baie ander dinge wat in wese dieselfde ellendes as dood op die aarde in hulle dra.

Die goeie nuus is dat die Here Jesus ons uitkoms uit al hierdie ellendes belowe deur die versoening wat Hy aan die kruis bewerk het. Dit is juis waarom die blydschap met die herdenking van sy geboorte en die oorgang na 'n nuwe jaar in ons tyd en op ons aarde gaan!

Hierdie uitkoms uit die dood klink nou so maklik, maar dit het nie so maklik gebeur nie, want die Bybel openbaar dat die Here Jesus se geboorte oorgegaan het in 'n lewe waarin Hy in die proses om ons te versoen en te verlos, gehaat en uiteindelik vol wonde gekruisig is. Hy is deur God in my en jou plek gestraf.

Die Nuwe Testament beskryf dit so volledig: Alles het uitgeloop op Jesus se dood en op sy opstanding. Die Here leer dat Hy self gaan sterf het omdat Hy oor ons bewoë is. Die dood van die Here Jesus Christus was om die straf te dra. Sy opstanding was om die lewe te verwerf en uit te deel en om ons ook uit die dood te laat opstaan. Sy wederkoms is om te vervul wat Hy beloof het.

So wag ons Hom vreesloos vir die dood in.

Sing: Psalm 145-1:4

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)